SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

SA HUNTERS' AND GAME CONSERVATION ASSOCIATION

TAKEVALUASIEPROGRAM

----

1. METING VAN MAANDELIKSE TAKAKTIWITEITE (lede deelname)

Gereelde gehalte takaktiwiteite
= dienslewering aan lede
= **SUKSESVOLLE TAK**

1.1 Hoekom die meet van bywoning deur lede van maandelikse aktiwiteite? Meting van enige resultaat wat herhaaldelik nagestreef word, is belangrik vir gehalte-beheer. "OM TE MEET IS OM TE WEET", is 'n gesegde wat die Herlaaiers graag gebruik.

1.2 In die geval van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging is 'n meetmetode belangrik vir die volgende redes:

1.2.1 Dat alle takke weet wat die aktiwiteite is waaraan aandag gegee moet word;

1.2.2 'n Universele meetmetode wat by elke tak gebruik word om takbestuur en Inyathi Park in staat te stel om die resultate te gebruik om potensiele probleme te identififiseer;

1.2.3 takontwikkeling – met nuwe takke wat deurlopend gestig word is dit 'n belangrike instrument om takke in staat te stel om hulself te ontwikkel.

1.2.4 Om takke wat uitstaande diens lewer, sigbaar te beloon;

1.3 Om te verseker dat optimum dienslewering aan lede geskied op takvlak, moet ten minste die volgende takaktiwiteite op 'n gereelde basis aangebied word:

1.3.1 Takbestuursvergaderings (maandeliks);

1.3.2 Ledevergaderings (maandeliks) en jaarafsluiting

1.3.3 Skietdae (maandeliks) en deelname aan streek- en nasionale skietkompetisies bv. streek en nasionale Intertakskiet, Presidentskiet en Veelsydige Skut skietkompetisie;

1.3.4 Opleiding vir Toegewyde Jagters (volgens behoefte);

1.3.5 Junioropleiding (volgens behoefte);

Vir implementering in 2007 verskaf takke die inligting vanaf Januarie tot die einde van September 2007 op 'n kwartaalikse basis. Verslag van bogenoemde maandelikse takaktiwiteite volgens die aangehegte voorbeeld (bylae "JJ"). Vir elke aktiwiteit word daar **'n datum en die hoeveelheid SAJWV lede betrokke** verskaf. Die indieningsdatum vir die

verslae sal die einde van die eerste week in April, Julie en Oktober wees (m.a.w. 'n week na die eide van die kwartaal), vir die drie kwartale. Vanaf 1 Oktober 2007 tot einde September 2008 sal die proses jaarliks in 'n volle siklus hanteer word met 4 kwartale.

2. KAMPIOENTAKKE en GROOTKAMPIOENTAK TOEKENNINGS

2.1 'n **KAMPIOENTAK** in elk van die volgende kategorieë (gebaseer op die formule vir die bepaling van die grootte van takdelegasies by die jaarlikse Kongres soos uiteengesit in die Interne Reëls van die SAJWV) sal jaarliks bepaal word gebaseer op die takaktiwiteite en **die toekenning word by die Kongres gemaak:**

2.1.1 Kategorie 1: 50 - 150 lede

2.1.2 Kategorie 2: 151 - 400 lede

2.1.3 Kategorie 3: 401 – 600 lede

2.1.4 Kategorie 4: 601 – 1000 lede

2.1.5 Kategorie 5: 1000 plus lede

2.2 Die volgende reëls en voorwaardes geld vir kwalifikasie:

2.2.1 Die beoordeling sal gebaseer word op die totale lede aktiwiteite teenoor getal opbetaalde lede in die tak;

2.2.2 Getal opbetaalde lede sal wees soos op 30 September voor die Kongres;

2.2.3 Daar moet ten minste 3 takke in 'n kategorie meeding om 'n toekenning te kan maak, indien nie drie takke sal oorblywende takke meeding in die volgende kategorie (takke met minder lede);

2.2.4 Om die toekennings by die jaarlikse Kongres te maak sal die periode vir beoordeling strek vanaf 1 Oktober die vorige jaar tot 30 September. Vir 2007 alleen sal die periode strek vanaf 1 Januarie tot 30 September 2007.

2.2.5 Teenwoordigheidslyste vir aktiwiteite kan by wentak aangevra word vir oudit doeleindes;

2.2.6 Teenwoordigheidslyste vir die aktiwiteite van Toegewyde Jagters moet reeds as standaardpraktyk op takvlak bygehou word vir skietdae en takvergaderings – by die ander drie aktiwiteite word daar geag outomaties teenwoordigheidslyste te wees;

2.3 Voorbeeld van berekening van wenner:

2.3.1 450 opbetaalde lede in tak teen 30 September – tak neem deel in kategorie 3;

2.3.2 Totale bywoning van aktiwiteite oor periode; 800 lede by takvergadering; 600 by skietdae; 100 by takbestuursvergadering; 50 Toegewyde Jagters opleiding afgehandel (skiettoets ingesluit) - alle data reeds by Inyathi Park; 20 juniors formele kursus afgehandel;

2.3.3 Totale aktiwiteite: 1570

2.3.4 Aktiwiteite as faktor van totale ledetal: 1570/450 = 3,49

2.3.5 Tak met die hoogste faktor per kategorie sal die wenner wees.

2.4 **GROOTKAMPIOENTAK** : Slegs die kategoriewenner in elkeen van bg. 5 kategorieë (Kampioentakke) kan hier meeding **(die wisseltrofeë word ook jaarliks by die Kongres toegeken)** en die volgende kriteria kom adissioneel by:

2.4.1 **Takvoorsitter** -bywoning deur die takvoorsitter van nasionale geleenthede (bv. Kongres, NTVF, en werkswinkels), minimum bywoning deur voorsitter van 50% vir kwalifikasie van die item – takvoorsitter met hoogste persentasie bywoning hier is die wenner van die item – indien meer as een tak volpunte kry kwalifiseer elkeen vir een punt;

2.4.2 **Taknuus** - plasing van taknuus in die SA Jagter tydskrif (minimum van 8 uit 11 vir kwalifisering van die item) hoogste persentasie plasing van taknuus bepaal die wenner van die item – indien meer as een tak volpunte kry kwalifiseer elkeen vir een punt;

2.4.3 **Dames op takbestuur** - betrokkenheid van dames op takbestuur (vir kwalifikasie van die item moet ten minste een van permanente poste, bv. sekretaresse, tesourier of kommunikasie deur 'n dame beklee word vir die volle jaar onder beoordeling) – tak met die meeste dames in permanente poste wen die item – indien gelykop telling, kwalifiseer elkeen vir een punt;

2.4.4 **Fondsinsameling** – eie fondse ingesamel in verhouding tot taksubsidie – hoogste verhouding eie fondse bepaal die wenner in die kategorie;

2.4.5 **Finansiële state** - tydige indiening van finansiele state (afsluiting einde Desember ingedien teen einde Februarie en afsluiting einde Junie ingedien teen einde Augustus) korrek opgestel volgens "Finansiele riglyne vir Taktesouriers";

2.4.6 **Takbestuursevaluasie** - tydige indiening van takbestuursevaluasie (teen einde Augustus voor AJV van tak);

2.4.7 **Bewaringsprojek** goedgekeur deur Inyathi Park.

2.5 Die volgende adissionele reëls geld vir kwalifikasie:

2.5.1 elkeen van die items hierbo het 'n waarde van 1 punt indien die tak kwalifiseer;

2.5.2 om die wenner te wees en te kwalifiseer vir die punt in die eerste vier items moet die tak die beste persentasie/ verhouding hier behaal;

2.5.3 om die Grootkampioentak toekenning te verwerf, kan 'n tak dus 'n maksimum van 7 punte verwerf, indien die tak kwalifiseer vir elke punt en die eerste 4 items ook die algehele wenner is vir elkeen.

3. DIE METING VAN DIE DOELTREFFENDHEID VAN TAKBESTUUR.

3.1 Hierdie is 'n evaluasie deur takbestuur as 'n groep elke jaar vir elke pos op takbestuursvlak en is o.a. bedoel om takbestuursontwikkeling te stimuleer en ook om probleme op takbestuursvlak te identifiseer en regstellende aksie te neem;

Indien 'n portefeulje bv. in die afgelope jaar duidelik nie aan die vereistes voldoen het nie, moet bepaal word hoekom nie.

Voorbeeld: Junioropleier – geen aktiwiteite is vir juniors aangebied nie ten spyte van aksies goedgekeur op takbestuur met insette van junioropleier. In 'n oop gesprek tussen bestuur, wat die junioropleier insluit, bepaal wat die probleem is. Indien dit bv. blyk dat

junioropleiding eintlik nie die persoon se belangstelling is nie, of dat dit a.g.v. persoonlike omstandighede nie meer vir die persoon moontlik is om aandag te gee aan sy portefeulje nie, dan moet die persoon vervang word, natuurlik met die nodige begrip en empatie teenoor die persoon. Takbestuur is lede wat die werk in hul vrye tyd doen vir die liefde van die saak en hulle is die fondament van die Vereniging – dit moet nooit uit die oog verloor word nie!

Bogenoemde proses kan in sekere gevalle soos nodig ook in die loop van die jaar gebruik word indien probleme met 'n bestuursportefeulje ondervind word. Dit moet egter elke Augustus gedoen word ter voorbereiding vir die AJV.

3.2 RIGLYNE VIR METING VAN DIE DOELTREFFENDHEID VAN TAKBESTUUR:

3.2.1 'n Volle takbestuursvergadering is nodig en die lid van elke portefeulje wat evalueer word moet teenwoordig wees;

3.2.2 Takbestuur doen die evaluasie teen die einde van Augustus om te gebruik in beplanning vir verkiesing van takbestuur voor einde September by die tak se Algemene Jaarvergadering (AJV);

3.2.3 Die resultaat van die "Evaluering van takbestuursposte" moet teen die einde van die eerste week van September aan Inyathi Park verskaf word;

3.2.4 Die beskrywing van portefeuljes op takbestuur (sien item 10.6 bladsy 13 tot 20 van "Beleid vir ontwikkeling, organisasie en bestuur van alle takke" – Pligte, vaardighede en persoonlikheidseienskappe van takbestuurslede) moet dien as primêre riglyn;

3.2.5 Die maandelikse takaktiwiteite moet dien as sekondere riglyn waar van toepassing vir evaluering;

3.2.6 Dokument vir "Evaluering van takbestuursposte vir 2008" is aangeheg (sien Bylae "KK");

3.2.7 Hierdie evaluering word gedoen met 'n eenvoudige puntetoekenning van 1 tot 10;

4. TYDSKAAL:

Finale datum	Aktiwiteit
4.1 29 Augustus	Takbestuursevaluasie afgehandel
4.2 10 September	Takbestuursevaluasie ingedien by Inyathi Park
4.3 30 September	Tak Algemene Jaarvergadering afgehandel
4.4 8 Oktober	Maandelikse takaktiwiteite – indiening van laaste kwartaal resultate by Inyathi Park (vorige kwartale reeds betyds ingedien)

FINIS